Is Alle Gelowe Nie DIESELFDE NIE?

—deur Dr. Peter Hammond

"Daarop het Jesus gereageer: 'Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie." Joh 14:6

Wat is die verskil tussen die Christelike geloof en alle ander godsdienste? Ons hoor so dikwels dat mense van mening is dat alle gelowe tog maar dieselfde is. Hoekom is Christene dan so onversetlik deur te glo dat hul geloof die enigste 'regte' een is? "Hoe kan jy so bekrompe, so dweperig en so onverdraagsaam wees deur te glo dat Jesus die enigste weg na God is?"

DIE NUWE VERDRAAGSAAMHEID

In ons dekadente en immorele samelewing is die belangrikste deug deesdae verdraagsaamheid. Die grootste gebrek is onverdraagsaamheid. Wat die wêreld vandag egter onder 'verdraagsaam' verstaan, is baie ver verwyder van wat die woord eintlik beteken. Verdraagsaamheid het deesdae 'n baie wyer betekenis as wat enige ander generasie voor ons as aanvaarding of goedkeuring van misleiding en onsedelikheid sou sien.

Die Nuwe Era-toleransie (New Age tolerance) val skynbaar vas wanneer dit met Bybelse Christelikheid gekonfronteer word. Enige Christen wat dit sou durf waag om vir basiese Bybelse beginsels op te staan, word van onverdraagsaamheid beskuldig! Dit kom ietwat skynheilig voor: diegene wat alle gelowe as gelyk verklaar, spandeer dan soveel tyd en aandag om die Christelike geloof as verkeerd te bewys. En hulle is skynbaar baie onverdraagsaam teenoor Bybelse lering...

KONTRASTE EN WEERSPREKINGS

Ons moet egter aan diegene wat so gló dat alle gelowe op dieselfde beginsels gebaseer is, die volgende uitwys: Bahaïsme het die Nuwe Era gees in'n godsdiens verander sodat dit alle ander gelowe insluit. Hulle maak daarop aanspraak dat alle gelowe dieselfde is en dat hulle Jesus Christus, Boeddha, Lao-Tzu, Confucius, Mohammed, Zoroaster en 'n hele swetterjoel ander ghoeroes, 'profete' en 'heiliges' navolg. Islam is sterk monoteïsties. Hulle is baie gesteld daarop dat daar net een God is. Hindoeïsme, daarenteen, is politeïsties en erken ten minste 330 miljoen gode.

Hoe kan monoteïsme en politeïsme dan dieselfde wees? Boeddhisme is panteïsties en leer dat alles god is. Confucius erken geen god nie. Hoe kan Ateïsme dieselfde wees as Panteïsme en dieselfde wees as Politeïsme en dieselfde wees as Monoteïsme? Dit kan mos nie!

Die Bybel is baie duidelik – God is nie met alle godsdienstige aktiwiteite tevrede en gelukkig nie. Die meeste wêreldse godsdienste is deurtrek van afgodediens.

LEWE VS NIRWANA

Jesus Christus het gesê dat Hy gekom het sodat ons lewe in oorvloed kan hê (Joh 10:10). Hindoeïsme en Boeddhisme leer egter dat die lewe een groot boosheid is. Volgens hierdie gelowe behoort ons almal op soek te wees na die einde van ons persoonlike lewe deur 'Nirwana'. Soos 'n druppel water wat in die grote oseaan val en alle karakter verloor, net so behoort ons, deur opvolgende reïnkernasies en meditasie, die staking van persoonlike bewustheid na te streef.

Omdat Boeddhisme en Hindoeïsme die lewe as ellendig beskou (dit is nogal 'n selfvervullende profesie, want die heidendom maak die lewe maar ellendig), is hul doelwit die vernietiging daarvan. Hoe kan Christus se lering oor Geestelike Lewe, die Ewige Lewe en Oorvloedige lewe dieselfde wees as 'Nirwana'?

ONVERSOENBARE ETIEK

Daar is ook die hele kwessie van etiek. Die meeste gelowe hang poligamie aan – dat 'n man verskeie vrouens mag hê. Die Christendom het nog altyd monogamie voorgestaan: een man wat lewenslank met een vrou getroud is. Christus het egskeiding veroordeel. Mohammed het egter voorsiening gemaak vir maklike en vinnige verbale egskeidings. Die twee sienings is tog mos onversoenbaar.

GEMEENSKAP MET DIE BOSE

Die Apostel Paulus het geleer: *"Wat probeer* »

Is Alle Gelowe Nie DIESELFDE NIE?

"God het volle mag oor die Hemel aan My toevertrou. Gaan dan, maak dissipels... Leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek aan julle opgedra het." **Matt 28:18-20**

ek sê? Bedoel ek dat afgodsoffers iets belangriks is of dat afgode werklik bestaan? Hoegenaamd nie. Wat ek egter wel sê, is dat daardie offers in werklikheid aan duiwels gebring word en nie aan 'n godheid nie. En ek wil nie hê dat enigeen van julle met die duiwels gemeenskap hê nie." 1 Kor 10:20.

Die Bybel is baie duidelik – God is nie met alle godsdienstige aktiwiteite tevrede en gelukkig nie. Die mees veroordeelde sonde in die Bybel is afgodediens. Die meeste wêreldse godsdienste is deurtrek van afgodediens. *"Alhoewel hulle daarop aanspraak maak dat hulle danig slim is, het hulle in werklikheid heeltemal in dwaasheid verval – in so 'n mate dat hulle die verering van die altydlewende God met afgode vervang het wat sterflike mense en voëls en diere en slange uitbeeld."* Rom 1:22.

IS JY 'N GOEIE MENS?

Die meeste gelowe leer dat die mens inherent goed is. Die Bybel is baie duidelik daaroor – die mens is inherent boos. *"Dit is soos die Skrif sê: 'Niemand is goed nie – selfs nie een enkele een nie. Daar is nie een wat werklik verstandig is nie; niemand wat werklik ernstig na God soek nie... Ons het immers almal gesondig. Ons almal het God beroof van die eer wat Hom toekom."* Rom 3:10-23.

PASOP VIR GODSDIENSTIGE MISLEIDING

Jesus het ons teen valse profete (Matt 7:15), vals leraars en godsdienstige leiers (Matt 23) gewaarsku. *"Wees versigtig dat niemand julle op 'n dwaalspoor bring nie."* Matt 24:4. In Openbaring staan daar dat God aan die einde 'n Engel sal stuur wat die satan sal bind *"...sodat hy nie langer die nasies sou verlei..."* Openb 20:3. Dit is baie duidelik dat satan deesdae baie nasies verlei. Ons is in 'n geweldige konflik betrokke – 'n oorlog van wêreldbeskouings:

- Ateïsme vs Teïsme
- Politeïsme vs Monoteïsme
- Kommunisme vs Christendom
- Sharia wet vs God se Wet
- Poligamie vs Monogamie
- Slawerny vs Vryheid
- Aborsie vs Pro-lewe
- Pornografie vs Moraliteit
- Homoseksualiteit vs Familiewaardes
- Siektes vs Gesondheid
- Leuens vs Waarheid
- Vergiftiging vs Reinheid
- Dood vs Lewe

Godsdiens is hoe die mens na God probeer uitreik. Christus is egter God wat Hom na die mens neerbuig. Godsdiens is mensgemaak. Christendom is God-geïnisieer. Godsdiens sê: Probeer! Christus sê: Vertrou! Ons, as Protestantse gelowiges, glo in die vryheid van gewete, spraak, omgang en aanbidding. Die Protestantse Hervorming het beslag gegee aan die konsep godsdienstige verdraagsaamheid. Deur egter die beoefening van ander godsdienste te verdra, gee ons nie te kenne dat dit reg of geldig is nie. Die moderne Nuwe Era-konsep van verdraagsaamheid is baie beslis nie wat die woord oorspronklik beteken het nie.

WAT IS DIE VERSKIL?

Wat is die verskil tussen die Christen-God en die gode van ander godsdienste? Die allerbelangrikste is dat die God van die Bybel wérklik is. Die ander gode nie. God bestaan. Die ander is verbeeldingsversinsels en demoniese misleiding. Die verskille tussen die Christendom en alle ander godsdienste is meer gesetel in die manier waarop ons na mense, dinge, die werklikheid en verantwoordelikheid, verlossing en dissipelskap kyk.

Dit is ook meer as net die waarheid oor God, die mens, die ewigheid en verlossing. Dit is selfs meer as die lewe, hier en ook in die hiernamaals. Die allerbelangrikste en grootste verskil tussen die Christendom en alle ander gelowe is ons begrip van God se Heiligheid en die erns van sonde.

VERSOENENDE WERK VAN JESUS

Wat absoluut uniek aan die Christendom is, is die sentrale boodskap van die eenmalige en onherhaalbare, vervangende Versoeningswerk van Jesus. Jesus Christus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Sy opofferende dood aan die Kruis het versoening vir ons sonde bewerkstellig en die verlossing van Sy kinders moontlik gemaak.

Ander gelowe het 'n baie laer dunk van God se Heiligheid en die erns van die mens se sonde. Net die Christendom beskik oor die balans tussen God se Heiligheid en Sy genadige liefde. Die beslissende vraag is egter: hoe kan 'n Heilige God met sondige en verdorwe mense versoen en nog steeds Sy geregtigheid behou? Slegs iemand wat sonder sonde was, kon die soenoffer wees en net God Self, in die gestalte van 'n mens, kon die perfekte offer wees.

DIE LEWE VAN CHRISTUS

Ander godsdienste is gebaseer op die lering van die stigters daarvan. Die Christendom is egter gebaseer op die lewe van die Stigter. Christus is sentaal in die Apostoliese Geloofsbelydenis:

"Ons Heer, Jesus Christus, gebore uit die Maagd Maria, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is; wat ter helle neergedaal het en op die derde dag weer opgestaan het uit die dood. Wat opgevaar het na die Hemel en sit aan die Regterhand van God, die Vader, die Almagtige; vanwaar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en die wat reeds gesterf het."

VIER CHRISTUS

Dit is waarom die feeste van die Christelike Geloof die volgende is: Kersfees, Goeie Vrydag, Paasfees en Hemelvaartdag. Kersfees herdenk die menswording van God, Emmanuel, God met ons; Goeie Vrydag – die soendood van die Seun van God vir die sonde van die wêreld; Paasfees – Christus se oorwinning oor die dood, die hel en die graf deur Sy Opstanding. *"Ek was dood en kyk, nou leef Ek vir altyd en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk."* Open 1:18

BO ALLE GESAG

Hemelvaart verkondig die Heerskappy van Christus oor alle menslike gesag en instellings. *"Christus hét die Hemel binnegegaan. Hy sit nou aan die regterhand van God, met die engele, magte en kragte onder Sy beheer."* 1 Pet 3:22.

"God het volle mag oor die Hemel aan My toevertrou. Gaan dan, maak dissipels... Leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek aan julle opgedra het." Matt 28:18-20.

"Want Christus moet aan bewind bly totdat Hy alle vyande finaal verslaan en aan Hom onderdanig gemaak het." 1 Kor 15:25. *"Ons het dan nou 'n groot Hoëpriester wat deur die Hemele beweeg het, Jesus die Seun van God. Laat ons voortdurend aan ons geloofsbelydenis aangaande hierdie Jesus vashou."* Heb 4:14.

"Daarom het God Hom ook tot in die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam. So sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die Hemel en op die aarde en onder die aarde buig, en elke tong sal erken: 'Jesus Christus is Here!' En so sal God die Vader verheerlik word!" Fil 2:9-11.

CHRISTUS SE UNIEKHEID

Jesus Christus het nie net aanspraak gemaak daarop om die pad te ken nie, Hy ís die pad. Hy het nie net die waarheid geleer nie, Hy ís die Waarheid. Hy het nie net lewe nie, Hy ís die Lewe!

Net Jesus Christus het 'n perfekte lewe geleef, 'n versoenende dood gesterf en het weer uit die dood opgestaan. Confucius, Boeddha, Mohammed en al die ander is dood, begrawe en daar is net nooit weer van hulle gehoor nie. Die Opstanding van Jesus Christus uit die dood is egter 'n unieke, historiese feit.

DIE LEWENSREDDER

Die mensdom is besig om te verswelg in 'n sonde-oseaan. Die wêreldgodsdienste is besig om 'swemhandleidings' uit te deel en probeer om die drenkelinge te leer swem. Jesus Christus is egter die Lewensredder wat Self in die oseaan ingeduik het om die wat besig was om te vergaan, te red – ten koste van Sy eie lewe.

"Daar is geen redding by iemand anders nie. Daar is geen ander naam op aarde wat mense kan aanroep om gered te word nie." Hand 4:12. Is Jesus Christus jou Heer en Verlosser? Of sal Hy jou ewige Regter wees? Die vraag is nie: sál jy voor Hom buig nie, maar wánneer sal jy voor Hom buig?

"Daarom het God Hom ook tot in die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam. So sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die Hemel en op die aarde en onder die aarde buig, en elke tong sal erken: 'Jesus Christus is Here!' En so sal God die Vader verheerlik word!" Fil 2:9-11. Die eerste keer het Hy gekom as Lam wat die sonde van die wêreld wegneem.

Die tweede keer, wanneer Hy weer kom, kom Hy nie as Redder nie, maar as Regter, Koning van die konings en Heer van die here, 'n oorwinnaar en ewige Regter. Ons buig óf vandag, terwyl dit nog genadetyd is, voor Hom, óf ons sál eendag op die Oordeelsdag voor Hom móét buig – sonder die keuse. Die Genadedeur sal dan dig gesluit wees en alle hoop en vergiffenis sal tot niet wees. Ons buig óf nou voor Hom wat ons Heer en Meester is, óf op die Oordeelsdag wanneer Hy sit as die ewige Regter wat gaan oordeel. Is Jesus jou Redder of jou Regter? ■

DR. PETER HAMMOND, *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*